


# Week 1: Genadebedelaars huil oor sonde en word geseën. Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd

**(17-21 Augustus 2026)**

---

## AFSKOP VRAAG
Vertel vir mekaar van ‘n geleentheid waar jy uit jou sokkies uit bederf is.

## GEBED
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## SKRIFLESING
Matteus 5:3-4

## GESPREKSVRAE
1. Waar in jou lewe “spartel en spook” jy tans om self in beheer te bly, eerder as om werklik op God se genade en sorg te vertrou? Wat maak dit vir jou moeilik om oor te gee?
2. As jy vandag werklik sou ophou “spartel” en jouself volledig aan God se genade sou oorgee, wat sou prakties in jou lewe verander? Wat is die een ding wat jy hierdie week aan God wil oorgee?
3. Gesels oor die volgende aanhaling van Augustinus: “Die mens is vir God geskep en sal nie rus vind voor hy of sy dit in God vind nie.”
   Wat beteken dit vir jou persoonlik om ’n “genadebedelaar” voor God te wees?
4. Wat beteken dit wat Jesus belowe vir die wat afhanklik van God lewe vir jou vandag?
5. Matt. 5:4 sê: “Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.” Wat is die verskil tussen om bloot skuldig te voel oor sonde en om oor sonde te treur?
6. Hoe ervaar jy God se troos?
7. Jesus het oor Jerusalem gehuil omdat mense God se redding verwerp het. (Luk 19:41-44) Oor watter mense of situasies in ons gemeenskap behoort ons vandag te huil? En hoe kan ons seker maak dat ons trane nie net oor ons wange loop nie, maar tot liefde en dade lei?

## AFSLUITING
Ons is geseën om te seën. Hoe gaan jy of julle as gesin of kleingroep in die volgende 4 weke ander seën?